

9 Januarie 2022

FAMILIE TUISBLAD



Lukas 3: 21-22

Mila kom opgewonde terug na 'n uitruilbesoek in Duitsland vir hoërskoolleerlinge. Sy vertel vir haar familie van al haar ervarings. Sy het in die Suid van Duitsland tuisgegaan by 'n familie wat in die Lutherse Kerk is. Sy vertel van al die Kersfeestradisies wat sy meegemaak het, soos die optog op Sint Nikolaas dag. "Sint Nikolaas is amper soos ons Kersvader", verduidelik sy. Soetkoekies, glüwein, blaasorkeste, Kersfeesmarkte en baie saamsing geleenthede het die Kerstyd baie spesiaal gemaak. Maar wat vir haar veral anders was as in Suid-Afrika, is die viering van die koms van die wyse manne op die 6de Januarie. "Dis soos 'n tweede Kersdag, wanneer almal ook kerk toe gaan en die familie 'n spesiale ring vrugtekoek saameet." Mila se broer doen gou 'n soektog op die web en kom af op die verduideliking dat "Drie Koningsdag" die kerkjaar seisoen Epifanie inlei. "In Epifanie dink ons aan God se verskyning aan die wêreld deur Jesus. Ons herdenk Jesus se lewe vanaf sy kinderdae tot en met sy lydenstyd. Een van die tekste wat ook altyd gelees word, is dié van Jesus se doop", verduidelik hy vir hulle.

Lees: Lukas 3: 21-22 Jesus word gedoop

Gesels:

- Hoe is God Drie-Enig betrokke by Jesus se doop?
- Wat beteken dit vir jou dat jy gedoop is?
- Hierdie woorde aan Jesus is ook vir jou bedoel - hoe laat dit jou voel?
- Wat beteken dit vir jou dat God jou liefhet en by jou is in die nuwe jaar?

Bid: Laat almal mekaar seën deur bv. 'n hand op mekaar se skouer te plaas of gebruik 'n bakkie water, doop jou vinger daarin en maak op mekaar se voorkop / handpalm 'n kruisie. Terwyl julle dit doen, seën mekaar deur hardop die volgende vir mekaar te sê: "Jy is God se geliefde kind en Hy is baie bly oor jou."

Doen: Kinders kan 'n uitbeelding maak van Jesus se doop - daar is baie idees aanlyn. Google bloot "Jesus baptism craft printable" vir idees.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **die kerkjaar seisoen Epifanie en Jesus se doop** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te bely, besoek NOUS by www.nous.org.za